

Hoofstuk van die dag: Jeremia 45

> *So sê die Here: Wat Ek gebou het, slaan Ek plat; wat Ek geplant het, ruk Ek uit. Dit het gebeur met ’n hele land. En jy soek roem vir jouself? (Jer 45:4b-5a)*

Jer 45 se gebeure speel af nadat Jojakim die boekrol verbrand

het, en Baruk dit weer moes skryf (Jer 36). ’n Mens kan verstaan dat Baruk moedeloos was; dit was immers ’n jaar se werk wat hy moes oordoen (vgl 36:1 met 36:9). Daarby het hy die druk gevoel wat die oordeelswoorde van God gebring het: verwoesting en dood in die land. Baruk sou verkies dat hy die skrywer van ’n beter, hoopvolle boodskap moes wees. Dit was hom nie beskore nie.
As jy in God se diens staan, kan jy nie kies wat jou rol is nie. Talle van God se instrumente (soos bv Jeremia) het gely as gevolg van die boodskap wat hulle moes bring (bv ook Paulus, Hand 9:16). Want dit gaan nie in die eerste plek om jou en jou aansien nie, maar om God en sý plan met die wêreld. Tog is God nie ongevoelig oor jou lot nie (vers 5b). En buitendien volg jy in die voetspore van Een wat álles verloor het om diensbaar te wees (Fil 2:5-8).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026